

27 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 9:35-10:23

Jesus die voorbeeld van harde werk met die groot oes

By alle mense is daar altyd 'n behoefte aan liefde, begrip en omgee vir mekaar. By sommige is daar die behoefte om blydschap te deel, by ander om hartseer te deel, by ander om met liefde toegevou te word weens siekte, armoede, swaarkry.

Maar elke Christen moet altyd die geestelike honger en dors ervaar. Die heerlikheid van God se genade moet vir ons soos die lewensasem wees. Daarsonder kan ons nooit nie.

Jesus Christus het ryklik in hierdie behoeftes voorsien en daaraan voldoen. "Jesus het by al die stede en dorpe rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees."

Die oes is baie groot. Daar is soveel mense wat wag om met die evangelie bedien te word. Die arbeiders is min. Daar is so min gelowiges wat waarlik uitgaan en uitreik en mense in hulle nood met die evangelie en die Woord bedien. Hierdie sendingopdrag kom direk na elkeen van ons toe. Waar ons werk en besig is, is die oes. Die mense om ons moet bedien word. Antwoord op die roeping deur voluit in God se koninkryk te werk.

Sing: Psalm 45:1,3

Ds GS Kruger (Centurion)